

# Religieuse Kommunikasie – 'n Verkenning

Willem de Klerk

**THIS** article explores the possibilities of religious communication as a field of study in the science of communication.

The author adopts the point of view that religious communication is experienced by a large number of people. They claim the existence of a sender, messages, media, receivers, feedback, interaction and communicative relations.

"Explanations" for this religious phenomenon are presented by the sciences of theology, philosophy, psychology and sociology. The communication science should take cognisance of these findings.

The focus of the communication sciences should fall on the religious response or expression or feedback by individuals and groups.

Religious language is one field of study. Another field of study is the communication dynamics as experienced in religious cults, symbols, ceremonies and acts.

The first priority should be to identify and define the specific field of the communication sciences within the religious phenomena. Then, themes for research can be explored.

In this article attention is given to different psychological "explanations" for religious communication e.g. the theory of projection, infantilism, numinous experiences, archetypes, the pursuit of value systems, etc. Exploratory formulations for the religious communication of these theories are presented in this article. The transcendental explanation, namely the pre-scientific premise that God exists, is also discussed. Here, the accent for the communication science falls on responses which are divided into religious sensitivity, directional and expression responses.



*PROF. W.J. DE KLERK is senior dosent in die dept. van Kommunikasie by die RAU.*

**This article is merely a preliminary and interrogative exploration and investigation to determine whether the communication sciences should, in any way, concern itself with religious communication.**

Hierdie artikel wil 'n debat probeer stimuleer. Dis nie 'n antwoord op 'n probleemstelling of 'n indringende analise nie. Die debat mag selfs in die teenoorstellende pole van verwerping of instemming beland, wat die bedoeling van 'n debat is.

Die stelling (of vraagstelling) is of die kommunikasiewetenskap hom behoort te bemoei met religieuse kommunikasie. Is dit deel van sy agenda en terrein? Is dit wetenskaplik om al die relevante literatuur in dié verband te ignoreer?

Is dit verantwoord om die beweerde ervaring van massas van mense, dat hulle religieus kommunikeer, in 'n wetenskap soos Kommunikasieleer te vermy?

My standpunt – en ter wille van die argument beredeneer ek dit – is dat religieuse kommunikasie studie en navorsing vra, ook van die kommunikasie-wetenskap. Die geskiedenis van die mensheid van 'n religieuse hoek gesien, eis die aandag. Vanaf die oertye was daar verskyningsvorme van religieuse kommunikasie. Die Fetisjisme en Animisme het 'n galery van gode, beskermgeeste en duiwels voorgehou waarmee aktief in gesprek getree is. Dit het uitgekristalliseer in groot bekende wêreldgodsdienste: die Hindoeïsme, Boeddhisme, Confucianisme, Tauïsme, Sjintoïsme, Judaïsme, Christendom, Islam en nog ander rigtings van kleiner omvang.

As jy jou verplaas na die miljoene tempels, kerke en binnekamers, merk jy op dat die mense besig is met 'n dinamika wat al die kenmerke van kommunikasie vertoon.

Die godsdienste beweer dat daar 'n *sender* is (vergelyk in die godsbegrip). Dié *sender* stuur *boodskappe* (vergelyk in verskillende inhoud, gewoonlik dreiging, troos, beloftes en opdragte). *Media* vir die boodskappe word onderskei (openbaringe, gesigte, stemme, geskrifte). Die *ontvangers* is oortuig dat hulle die boodskappe hoor of sien en hulle gee respons daarop. Daar is *terugvoering* (gebede, bekering, gehoorsaamheid). Daar is *wisselwerking* tussen *sender* en *ontvanger* (konsultasie, rituele). Dit groei tot 'n *kommunikatiewe verhouding*.

Verskillende vakwetenskappe bestudeer religieuse kommunikasie vanuit verskillende invalshoeke soos die Teologie, Filosofie, Psigologie en Sosiologie.

Die kommunikasie-wetenskap het immers ook belang by die “religieuse verskynsel”. Nie om te evalueer of 'n god bestaan of nie, maar om die gegewe van werklike of vermeende religieuse kommunikasie te erken en die kommunikasie-dinamika daarvan te peil.

*Dit is duidelik dat een van die sentrale probleemstellings is of religieuse kommunikasie werklike interpersoonlike kommunikasie is, of bloot 'n bestaanswyse wat gereduseer kan word tot intra-psigiese kommunikasie.*

Dit hoef nie 'n probleem vir die kommunikasie-wetenskap te wees nie. As intra-psigiese kommunikasie as 'n modus van kommunikasie beskou word, is religieuse kommunikasie wel kommunikasie, of daar 'n transendente *sender* bestaan of nie. Interpersoonlike kommunikasie veronderstel 'n *sender*,

maar die studie gaan nie oor die *sender* nie, maar oor die kommunikasierespons.

Watter een van die twee “verklarings” vir religieuse kommunikasie ook gekies word, bly dit 'n vorm van kommunikasie.

- Dit is onderbewuste intra-psigiese kommunikasie (jy verwerp 'n god, maar jou menslike aanleg is op 'n Du, 'n You, georiënteer, wat jou lei na religieuse simboolvorming, betekenis en duiding).
- Dit is bewustelike intra-psigiese kommunikasie (jy verwerp God en weet dat jy nie religieus kommunikeer nie, maar jy realiseer waardes volgens 'n Al-prinsipe wat die aard van religieuse kommunikasie vertoon).
- Dit is bewuste inter-persoonlike kommunikasie (God bestaan, met wie jy as *sender* en *ontvanger* kommunikeer).
- Dit is vermeende inter-persoonlike kommunikasie (jy glo jy kommunikeer met 'n god. Al sou jy met skimme besig wees, kommunikeer jy nogtans).

Hoe ookal, religieuse kommunikasie is na my mening 'n studieveld. Die twee velde waarin navorsers beweeg, kan genoem word: die immanentisme en die transendentale verklaring van religieuse kommunikasie.

## 1. Die immanentisme se verklaring van religieuse kommunikasie.

Dit is die voorwetenskaplike keuse dat geen transendente god bestaan nie en daarom verklaar dit religieuse kommunikasie as intra-psigiese kommunikasie. Ek onderskei sewe perspektiewe wat aangebied word.

### 1.1 Religieuse kommunikasie is kommunikasie deur *projeksie*<sup>1</sup>.

Projeksie is om die gewaarwording van binne na buite te verlé.

Die *sender* word “geskep”. God is 'n projeksie van die vaderfiguur en superego. Die hemel is 'n projeksie van onlus oor die werklikheid wat 'n “werklikheid” ontwerp sonder onlus. Die diuiel is 'n projeksie van onderdrukte drif en aggressie. Onsterflikheid is 'n projeksie van die narsisistiese ek en doodsvrees. Die dogma van skuld en versoening is projeksies van die behoefte aan straf en vergewing. Ensovoorts.

*Sender*, medium en die boodskapsverkeer tussen *sender* en *ontvanger* is

projeksie-dinamika.

## 1.2 Religieuse kommunikasie is *infantilisme*<sup>2</sup>.

Dié teorie stel dat daar 'n noue verband is tussen die religie en die oorspronklike verhouding van die kind tot die ouers.

In die kinderbelewings speel drie dinge 'n besondere rol: narcisme, dit is die selfoor-skating en ombuiging van alles na eie egoïstiese behoeftes.

Primêre verbondenheid, waarmee bedoel word die behoefte aan eenwording, verbinding en geborgenheid in die eenheid met die ouer. En afhanklikheidsgevoelens – die ouers moet alle behoeftes vervul.

Religie is dan niks anders as 'n terugval of regressie op die kinderlike belewings-wêreld nie.

Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van die kindgevoel met 'n vermeende sender. Die boodskapsverkeer is die soek en die vind van sorg, veiligheid, geborgenheid, eenheid en troos.

## 1.3 Religieuse kommunikasie as *numineuse beleving*<sup>3</sup>.

Die numineuse is die ervaring van 'n misterie wat tegelyk “tremendum” en “fascinatum” is – dit verontrus en boei tegelykertyd. Die misterie is die “heilige”, 'n naamlose oorgegewe van irrasionele aard.

Die “tremendum”-beleving is die gevoel van ontoeganklikheid en skeiding waarin vrees, skrik, ontsteltenis, afgryse en siddering voorkom. Die gevoel van “übermächtigen” deur die misterie van 'n goddelike heerlijkheid (die “Ganz Andere”) en die afstandsgevoel van skepsel te wees (“Das Kreaturgefühl”). Dis 'n gevoel van die krag van die heilige (“Das Energische”).

Die “fascinatum”-beleving is dat die heilige ook betower, boei en aantrek en vreugde en geluk bring.

Hierdie numineuse is 'n ervaring by alle godsdienste. Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van numineuse gevoelens met 'n vermeende heilige of 'n heilige oorgegewe in die werklikheid. Die boodskapsverkeer is die soek en die vind van oorweldig te wees en geluksalig te wees.

## 1.4 Religieuse kommunikasie is die *eksternalisasie van die ek*<sup>4</sup>.

Die mens is bewus van 'n hoër deel in

hom wat die laer deel kan red. Hy identifiseer hom met die hoër deel, en hy dwing sy laere self om te kom tot oorgawe aan die hoëre self. Dan word die hoëre self ge-eksternaliseer as 'n helpende krag wat sekuriteit en vreugde gee.

Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van die reddende ek as sender na die reddelose ek.

## 1.5 Religieuse kommunikasie is die *arquetipes* van die kollektiewe onbewuste wat hom opdring aan die mens se bewussyn<sup>5</sup>.

Religie is 'n oergedrag van die menslike struktuur. As dit verdring word, veroorsaak dit neurose. In die oorgeërfde inhoud van menswees, is daar oerbeelde van groothede soos wedergeboorte, dood, die held, god, duivel, wat van die bewuste mens aandag eis. Die bewuste skep dan hierdie oerbeelde om in religieuse simbole.

Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van die onbewuste oerbeelde as sender. Die boodskapsverkeer is die soek en vind van religieuse simbole, met wie die mens dan in kommunikasie tree.

## 1.6 Religieuse kommunikasie is 'n *waarde-strewe*.

Daar is verskillende variasies op dié standpunt. Allport<sup>6</sup> sê: “Religion is a disposition, built up through experience, to respond favourably and in certain habitual ways, to conceptual objects and principles that the individual regards as of ultimate importance in his own life, and as having to do with what he regards as permanent or central in the nature of things”.

Religie volgens Frankl se logoterapie<sup>7</sup> is in konsekwensie die “will to meaning” wat opkom uit die mens se noölogiese eksistensie waardeur die mens homself transendeer in wêreldgerigte objektiewe waarde-realiserings. In die basiese drang na die vind van die sin van die lewe, word godsdiens geskep. Die sin word gevind in “. . . dedication and devotion to something beyond his self, to something above his self”.

Om hierdie waardes te realiseer, het die mens 'n “divine reference” nodig met 'n “Thou”<sup>8</sup>.

Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van waarde-realiserings as sender. Die

boodskapsverkeer is die soek en vind van waardes met 'n goddelike referensie-punt.

### 1.7 Religieuse kommunikasie is 'n *andergerigtheid*<sup>9</sup>.

Die eksistensialistiese filosofie is deur-dronge met religieuse materiaal.

Die grondstelling is dat die mens onvolledig is as enkeling of as kollektiewe massa. Eksistensie is ko-eksistensie. Die wesenlike aard van menswees is kommunikasie. Die mens word mens en is mens in 'n ek-jy relasie. Hierdie wesenstrek van die mens kan getipeer word as 'n dialogiserende bestaanshouding wat noodwendig moet uitloop op 'n selftransendente relasie. Religie vind sy oorsprong in die kommunikasie-aard en selftransendensie-aard van menswees.

Religieuse kommunikasie is die kommunikasie van die kommunikatiewe grondtrek van die mens as sender. Die boodskapsverkeer is die soek en vind van 'n *relasie* met 'n selftransenderende jy.

Hierdie verkenning lei tot die gevolgtrekking dat die immanentisme variasies is op die volgende temas.

- Verskeie dinamika's in die mens (projeksie, infantilisme, numineuse beleving, eksternalisasie van die ek, argetipes, waarde-sisteme en 'n andergerigtheid), skeep 'n god.

Dié god is die eie ontwerpte sender.

- Die medium vir die boodskappe is of innerlike bewussynsprosesse of eksterne simbole en tekens.
- Die inhoud van die boodskappe is appèlle op die mens om sorg, veiligheid, geborgenheid, troos, versoening, oorgawe, redding, toevlug, norme en waardes by die eie ontwerpte sender te vind.
- Die terugvoering van die ontvangers is om hulle te rig op wat die sender vra en om in kommunikatiewe verhouding met die sênder te tree. Kan mens konkludeer dat selfs die immanentisme se intrasigiese verklaringe van religieuse kommunikasie nie afdoen aan die feit dat religieuse kommunikasie 'n werklike intensionele vorm van kommunikasie is nie?

Of is dit kommunikasie-skyn of onbedoelde kommunikasie-bedrog?

## 2. Die transendentale verklaring van religieuse kommunikasie

Die uitgangspunt is die voorwetenskaplike aanvaarding van die bestaan van 'n transendente God. Dié bestaan kan nie bewys of weerlê word nie.

Twee bekende denkers in dié verband is Buber en Kierkegaard.<sup>10</sup> Elk met sy eie aksent-stel dat die mens op God gerig is en in verhouding met God kan tree. Deur dié verhouding vind wedersydse kommunikasie plaas. Dit het 'n bepalende invloed op die mens, deurdat die mens homself en die sin van sy bestaan in kommunikasie met God vind en homself daardeur realiseer in sinryke kommunikasie met sy medemens. Religieuse kommunikasie is 'n vertikale ingreep op die menslike lewe deur skuldbesef, sondebef, geloof en onderwerping.

Ek konsentreer net op die Christelike religie as uitdrukking van die transendente opvatting.

### 2.1 *Oorgedra op die kommunikasie-raamwerk, lyk dit só:*

Die sender is die transendente God.

Die boodskap is: die ellende en verloreheid van die mens; die aanbod van verlossing; die oproep tot geloof; en die opdrag tot gehoorsaamheid.

Die media is die transendente se openbaring in die natuur, die besondere openbaring in die Bybel, die prediking en sakramente en die Gees, waardeur gekommunikeer word.

Die ontvangers is alle mense, in besonder dié wat God roep.

Die terugvoering is die mens se religieuse respons, wat op verskillende vlakke lê.

Die wisselwerking tussen sender en ontvanger is al die dimensies van kommunikasie van die sender na die ontvanger en van die ontvanger na die sender.

Volgens die transendentale verklaring is religie dus 'n suiwer en ware en intensionele kommunikasie-situasie en ervaring.

### 2.2 Die kommunikasiewetenskap – beoefen vanuit die transendentale uitgangspunt – het *nie* as studie-terrein die sender, media of boodskap nie. Dit is die terrein van die Teologie.

Vir die kommunikasie-studie is die reli-

gieuse respons van die ontvangers die fokuspunt. Met ander woorde, *die terugvoering*.

## 2.3 Religieuse terugvoeringskommunikasie kan verdeel word in drie kategorieë<sup>11</sup>.

Religieuse sensitiviteits-terugvoering.

Religieuse gerigtheids-terugvoering.

Religieuse ekspressie-terugvoering.

2.3.1 *Religieuse sensitiviteits-terugvoering* veronderstel dat kragtens die verbondenheid van *alle mense* met God, alle mense religieus sensitief is. Daar is by die mens 'n hunkering na God, gemanifesteer in die volgende: numiese belewinge met gevoelens van majesteit en genade; totaliteitsbelewinge met gevoelens van versmelting met die alheid; afwesigheidsbelewinge met gevoelens van onvoltooidheid; afhanklikheidsbelewinge met gevoelens van hulpeloosheid; verbondenheidsbelewinge met gevoelens van ingeskakeldheid by die geheel.

Die kommunikasiewetenskap kan hier fokus op die dinamika van hierdie religieuse sensitiviteitsrespons soos dit gemanifesteer word in die soeke en verlange na religieuse tekens en betekenis. In ideologievorming en ideologiese kommunikasie is daar byvoorbeeld 'n religieuse sensitiviteitsdimensie.

2.3.2 *Religieuse gerigtheids-terugvoering* veronderstel dat kragtens die kommunikatiewe verhouding met God daar by *sommige mense* religieuse gerigheid is.

Die religieuse gerigtheidsrespons is die gevoel dat God gehoorsaamheid en verantwoording eis met die response van 'n gevoel van geborgenheid in die liefdevolle verband en met die dreiging van skuld in 'n verbroke relasie. Dit is die gevoel van oorgawe en die belewing dat die oorgawe die gronddirektief van die lewe is.

Die godsdienstige gerigtheidsresponse is ook saam te vat in dié uitdrukking: instemming en aanvaarding van die godsdiens en sy konsekwensies.

sies.

Dit is die godsdienstige gesindheid as 'n totale gedrag waarin die affektiewe, kognitiewe en voluntatiewe prosesse in 'n komplekse struktuur georden word.

Dit is dus 'n integratiewe dinamika wat nie by alle individue op dieselfde niveau bereik word nie.

Vanuit die kommunikasiewetenskap val die fokus op die manifestasies van die religieuse gesindheid en intensionele gerigheid op sender, boodskap en medium.

2.3.3 *Religieuse ekspressie-terugvoering* veronderstel dat kragtens die kommunikatiewe verhouding met God daar by *sommige mense* religieuse dialoog met God is.

Hieronder hoort die godsdienstig-waarneembare gedrag waaronder godsdienstige aanbidding, kerklike verbondenheid, seremonie, kultuur, belydenis, godsdienstige groeperinge in die samelewing en die invloed daarvan op die samelewing, ensovoorts. Met ander woorde enige godsdienstige gedrag van individue of groepe wat na buite gemanifesteer word en waargeneem kan word.

Die godsdienstige respons in sy geheel hou verband met die persoonlikheidsstruktuur, leeftydswaardes, opvoedingspatrone, kulturele beïnvloeding, waaronder ook groepsbeïnvloeding. In besonder geld dit egter van godsdienstige gedrag.

Hierdie ekspressie-response bied veral geleentheid vir empiriese navorsing.

James (1902: 78 – 165) se godsdienstige tipologie het 'n belangrike indeling van godsdienstige gedrag gebied. Die "healthy-minded" se godsdienstige gedrag manifesteer sig in gelukkigheid as sentrale motief, terwyl die "sick soul" pessimisme as ondertoon van sy godsdienstige gedrag het. 'n Besondere analise word van die godsdienstige mistikus gegee in sy vier eienskappe: "ineffability", "noetic quality", "transiency" en

“passivity”.

Allen en Spilka (1967) bied 'n ander basis vir godsdienstige gedrag in die onderskeiding van twee godsdienstige gedragstyle: die “consensual”-styl wat uitwendig-konvensioneel is en die “committed”-styl wat gekenmerk word deur betrokkenheid.

Temas wat hier deur die kommunikasiewetenskap bestudeer kan word, is onder meer:

Die kommunikasie-dinamika van religieuse kultusse, simbole en seremonies.

Die religieuse kommunikasie-styl van mense<sup>12</sup>, om te kom tot 'n tipologie van religieuse kommunikasie-style, byvoorbeeld religie gekommunikeer as: gelukkigheid, bedreiging, mistiek, konvensionaliteit, betrokkenheid, rigiditeit of die religieuse kommunikasie van die mistikus, die intellektueel, die “profeet” en die “priester”.

Die tipiese van die religieuse kommunikasie in verskillende gebedsvorms.

Op individuele vlak is die gebed 'n godsdienstige akte. Om die relevansie van 'n studie van die gebed aan te dui, die volgende illustrasie. Clark (1968: 307 – 327)<sup>13</sup> stel as “agenda” van die gebedskommunikasie die volgende:

Die motiewe vir die gebedgewoonte. Die beleving in die gebed – word die Heilige ervaar of nie; die intensie van die gebed – wil dit die Heilige “besweer” of wonders vermag (magie) of wil dit oorgawe hê aan die Heilige; die dinamika van die gebed – verander dit houdinge en gedrag?; die groeikrag in die gebed tot dieper geestelike vlakke?; verder: verskillende *gebedsvorme* waaronder meditasie, kessie, adoratie, danksegging ensovoorts.

Die tipiese van die religieuse kommunikasie van verskillende kerke<sup>14</sup>, byvoorbeeld religieuse kerk-kommunikasie met die God-mens verhouding as fokuspunt; sosiale betrokkenheid

as fokuspunt; kultusse en seremonies as fokuspunt; lering as fokuspunt.

Na my mening bied religieuse ekspressie-response 'n baie vrugbare navorsingsveld vir die kommunikasiekundige.

*Die artikel is bedoel as verkennende vraagstelling. Tog wil ek my waag aan een antwoord: van watter voorwetenskaplike uitgangspunte ookal begin word – die immanentisme of die transendentale – is religieuse kommunikasie 'n manifestasie van menslike kommunikasie, wat 'n besliste impak het op menslike gedrag. Daarom is dit 'n studieveld vir die kommunikasiewetenskap.*

*Die eerste stap sou wees om sy spesifieke terrein binne die religieuse verskynsel te identifiseer en te omskrywe, en dan navorsingstemas te ontgin.*

## VOETNOTAS

1. Freud, Sigmund. 1913. *Totem und Tabu*. Vertaal deur J. Strackey. 1961. *Totem and Taboo*. Londen, Lowe. p. 61 – 93.  
Freud, Sigmund. 1927. *Die Zukunft einer Illusion*. Leipzig, Internationaler psychanalytischer Verlag p. 24 – 37.  
Freud, Sigmund. 1930. *Das Unbehagen in der Kultur*. Vertaal deur J. Strackey. 1961. *Civilization and its discontents*. New York. Norton. p. 70 – 75.  
Fortmann, H.M.M. 1968. *Als ziende de onzienlijke*, (1). Hilversum, Paul Brand. p. 49 – 65.
2. Fortmann. 1968. p. 67 – 76.  
Freud. 1930. p. 19 – 21.
3. Otto, R. 1932. *Das Heilige*. München, Boek'sche.  
Vergrote, A. 1967. *Godsdienstpsychologie*. Den Haag, Lanmoo. pp. 114 – 122, 391 – 393.
4. James, W. 1902. *The varieties of religious experience*. New York. Random House. p. 508 – 518.
5. Jung, C.G. 1940. *Psychologie und Religion*. Zürich, Rascher.  
Fortmann. 1968 (1). p. 145 – 306, 3(a) p. 51 – 116.
6. Allport, G.W. 1953. *The Individual and his Religion*. New York, MacMillan p. 20.
7. Frankl, Victor. 1967. *Psychotherapy and Existentialism*. New York. Washington Press. p. 82.
8. Johnson, P.E. 1960. *Psychology of Religion*. New York, Abington Press. p. 63 – 65.
9. Benda, C.E. 1969. The existential approach to religion. In: *Clinical psychiatry and religion*. Ed. Pattison. Boston, Little Brown. p. 37 – 48.  
Plattel, M.G., 1960. *De mens en het medemenslike*. Antwerp, Spectrum p. 25 – 66.
10. Buber, M. 1970. *I and thou*. Edinburgh. Clark-Kierkegaard. S. 1978. *Two ages. Kierkegaard's writings*. Princeton, New Jersey: University Press.  
Van Schoor, M. 1986. *Wat is kommunikasie?* Pretoria, Van Schaik. p. 68 – 106.
11. Hierdie drie kategorieë is die skrywer se formulering, gegrond op Vergote 1969. Faber, H. 1969. *Geloof en ongelooft in een industrieel – tijdperk*. Assen, Van Gorcum. Faber, H. 1972. *Cirkelen om een geheim*. Meppel, Boon. Fortmann 1968.

12. James, W. 1902. p. 78 – 165.  
Allen, R.O. en Spilka, B. 1967. Committed and consensual religion. In: *Journal for the Scientific study of Religion*. 1967 (b) p. 191 – 206.
13. Clark, W.H. 1968. *The psychology of religion*. New York. Mac-Millan.
14. Kuyiman-Hoekendijk, C. 1969. Dwarslagen in de Christenheid.
- Baam, Bosch en Keuning.
15. Navorsing op die terrein is huidiglik hier en daar aan die gang. Een voorbeeld is dié van Ronél Rensburg van Unisa oor 'n kommunikasiekundige beskrywing van die transendente ervaring (beskou uit die hoek van die mistieke ervaring).
-